Ontwikkeling ontstig Jamestown

Talle inwoners van Jamestown het verlede week hul ontevredenheid met die voorgestelde ontwikkeling van 55 wooneenhede in die Blaauwklippen on River-behuisingskompleks op 'n vergadering van inwoners en ander belanghebbendes uitgespreek.

Volgens Crisben John February, voorsitter van die Jamestown-erfeniskomitee, het talle inwoners, asook verteenwoordigers van die ontwikkelaars en die munisipaliteit, die vergadering toegespreek.

Volgens Donovan Comerma van Blaauwklippen Agric Estate moes die nuwe eienaars wat die grond sowat 'n jaar gelede gekoop het, besluit wat om daarmee te maak om dit meer winsgewend te maak.

"Die groter Blaauwklippen bestaan uit agt titels waarvan drie in die Jamestown-landbousone, die beoogde ontwikkelingsterrein, geleë is.

"Om Blaauwklippen as handelsmerk weer uit te bou, het ons hierdie twee en 'n half hektaar geïdentifiseer as 'n deel wat residensieel ontwikkel kan word. Die grond is nie meer lewensvatbaar om ekonomies op te boer nie, en ons het dit vir ontwikkeling geoormerk," het Comerma op die vergadering gesê.

Hy het ook genoem die ontwikkeling is in pas met die munisipaliteit se beleid oor verdigting en die behoud van die stedelike grense. Die doel is nie om Blaauwklippen verder te ontwikkel as dit nie, maar hy het ook erken 'n mens weet nie wat in die toekoms kan gebeur nie.

Clifford Heys van die ontwikkelaars TV3 Argitekte en Stadsbeplanners het na die Stellenbosch-munisipaliteit se ruimtelike ontwikkelingsplan verwys en gesê die stedelike grens lê teenaan die dorp en die erwe wat vir ontwikkeling opsy gesit is, lê binne die grens, die Blaauwklippenrivier, aan die kant van die plaas. Hy het ook bevestig dat die beplande ontwikkeling ingevolge die munisipale beleid van verdigting aangepak word.

Volgens Heys is die idee dat Blaauwklippen-plaas, die restaurant en die behuisingsontwikkeling, by mekaar aansluit om integrasie tussen die plaas en behuisingskema wat betref huisvesting vir toeriste en vakansie-akkommodasie te verseker.

Hedré Dednam, bestuurder: grondgebruiksbestuur van die Stellenbosch-munisipaliteit se direktoraat: beplanning en ekonomiese ontwikkeling, het gesê enige erfhouer kan 'n aansoek indien om die grondregte te verander.

Nadat kommentaar gelewer is deur alle eksterne staats-organisasies, belastingbetalers, die Erfeniskomitee, geïnteresseerde partye en diegene wat deur die ontwikkeling geraak word, word die inligting bymekaargevoeg om te evalueer en te vergelyk.

Sy het gesê daar moet in aanmerking geneem word daar is landbougrond wat bewaar moet bly en die erfenis (van Jamestown) moet in ag geneem word.

Volgens February is deel van hul beswaar dat die erwe egter buite die stedelike grens val.

"Volgens hul ruimtelike ontwikkelingsraamwerk moet daar verdig en nie uitgebrei word nie. Die ontwikkeling is dus teen hul eie beginsels.

"Die Jamestown-gemeenskap versoek dat Blaauwklippen die eiendom vir alternatiewe doeleindes soos 'n gedenktuin, kruie- of groentetuin gebruik wat in lyn is met landbou-aktiwiteite en terselfdertyd as toeriste-attraksie kan dien om sodoende respek te toon aan die Jamestown-gemeenskap en ons landbou-erfenis. Die grond kan natuurlik geploeg word en met die nodige voedingstowwe aangevul word om dit weer vrugbaar te maak vir boerdery-doeleindes."

Hy het genoem dit is die Jamestown-gemeenskap se bekommernis dat hulle ingeperk word deur ontwikkeling reg rondom die dorpie.

"Dit is nou selfs tot binne-in Jamestown, wat geen langtermynvoordeel vir die gemeenskap inhou nie en dit tot 'n punt kan dryf waar die gemeenskap nie meer kan bekostig om voort te bestaan nie.

"Die Jamestown-gemeenskap het ook geleer uit die verlede. Ons is op groot skaal benadeel en ingeloop met vorige ontwikkelingsprojekte waar die gemeenskap aan die kortste ent getrek het wat hoër waardasies en gepaardgaande hoër belasting betref, maar daar is absoluut niks teruggeploeg in die gemeenskap om op te maak hiervoor nie.

"As 'n voorheen benadeelde gemeenskap in die vorige politieke bedeling, het baie van ons voorouers gedwonge verskuiwings in die gesig gestaar. Weens onder meer onbekostigbaarheid en hoë belastingtariewe, staar die huidige en toekomstige nageslagte weer eens 'gedwonge verskuiwing' in die gesig, in die sin dat talle erfhouers geen keuse gaan hê as om te verkoop en goedkoper heenkome en opsies te oorweeg nie."

Hy het voorgestel die ontwikkeling word op die plaas self gedoen in plaas van in Jamestown, aangesien die plaas binne die stedelike grense is en Jamestown net buite hierdie grense geleë is.

February het ook beklemtoon dat een van die redes vir die herbekendstelling van die Jamestown-aarbeifees in 2015 was om die erfenis van die beroemde aarbei- en ander kleinboerdery-aktiwiteite van die gemeenskap se erfenis te vier en ook om die bestaande en nuwe opkomende kleinboere aan te moedig om voort te gaan met boerdery-aktiwiteite in die landbousone.

"Die voorgestelde ontwikkeling van hoëdigtheid-wooneenhede op enige erf in Jamestown gaan beslis afbreuk doen aan die karakter, beeld en gevoel van Jamestown.

"Goedkeuring van hierdie residensiële ontwikkeling sal die deur open vir ander opportunistiese ontwikkelaars om op ander erwe in die omgewing ook groepbehuising en selfs woonstelgeboue op te rig, en dit sal die unieke karakter van Jamestown nie net onreg aandoen nie, maar in totaliteit vernietig," was sy pleidooi.

Die gebied waar die voorgestelde Blaauwklippen on the River-ontwikkeling beoog word, is in rooi omlyn op die foto.